# Hiernamaals

## wat sê die Bybel?

# 8: TEKENS VAN DIE WEDERKOMS

Lees ter agtergrond: Handelinge 6:1 - 11, Matteus 24, 2 Tessalonisense 1

1

| **295: Wat het Jesus met sy koms gebring?** | | | |
|---|---|---|---|
| Vrede | Swaard | Belydenis | Doop |
| **296: Waar is Bartimeus genees?** | | | |
| Jerusalem | Betlehem | Jerigo | Betsaida |
| **297: Watter teken het die dissipels gelei na die plek van die laaste Pasga?** | | | |
| Donkie wat vasgemaak is | Adres | Huis van Maria en Martha | Man wat water dra |
| **298: Wat het met Galileërs gebeur terwyl hulle geoffer het?** | | | |
| Is beroof | Gesig gesien | Gevange geneem | Vermoor |
| **299: Wie het die Israeliete mislei deur voor te gee dat hulle nie Kanaäniete is nie?** | | | |
| Amoriete | Amalekiete | Hetiete | Gibeoniete |
| **300: Wie was Josua se pa?** | | | |
| Sakkur | Jefunne | Nun | Rafu |
| **301: Wie het na homself verwys as die 'vriend van die bruidegom'?** | | | |
| Jesus | Simon | Johannes die Doper | Saggeus |

2

| | | | |
|---|---|---|---|
| **295: Wat het Jesus met sy koms gebring?** | | | |
| Vrede | B: Matteus 10:34 | Belydenis | Doop |
| **296: Waar is Bartimeus genees?** | | | |
| Jerusalem | Betlehem | C: Markus 10:46 | Betsaida |
| **297: Watter teken het die dissipels gelei na die plek van die laaste Pasga?** | | | |
| Donkie wat vasgemaak is | Adres | Huis van Maria en Martha | D: Lukas 22:10 |
| **298: Wat het met Galileërs gebeur terwyl hulle geoffer het?** | | | |
| Is beroof | Gesig gesien | Gevange geneem | D: Lukas 13:1 |
| **299: Wie het die Israeliete mislei deur voor te gee dat hulle nie Kanaäniete is nie?** | | | |
| Amoriete | Amalekiete | Hetiete | D: Josua 9 |
| **300: Wie was Josua se pa?** | | | |
| Sakkur | Jefunne | C: Josua 1:1 | Rafu |
| **301: Wie het na homself verwys as die 'vriend van die bruidegom'?** | | | |
| Jesus | Simon | Johannes die Doper C: Johannes 3:29 | Saggeus |

3

1: Evalueer die volgende stelling: *Jesus sal weer kom as die evangelie aan alle volke, tale en nasies verkondig is*.

As mens tegnies hierdie stelling ontleed, beteken dit dat die kerk moet seker maak dat elke mens op elke oomblik die evangelie hoor. Is dit moontlik?

NGB art. 37

Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het - dié tyd is vir alle skepsels onbekend - en die getal uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand. 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en dooies aan te kondig,

God bepaal die tyd en is nie afhanklik van die werk van die kerk nie

As God se getal volledig is. Hy sal stuur na al die uitverkorenes om die evangelie te hoor.

Baie mense probeer die datum van die wederkoms uitwerk, maar alma faal. Net God weet dit!

4



2300 Years
Dan 9:26 "Messiah be cut off but not for himself"
Isaiah 53:5 "Wounded for our transgressions"
1 Peter 2:24 "Bare our sins"
Luke 23:33 "They crucified Him"
Dan 9:27 "Cause the sacrifice and oblation to cease"
Luke 23:45 "Veil in temple was rent"
483 Years
7 Wks
60 Wks
+ 2 Wks
69 Wks / 483 Years
Go Forth
Dan 9:25-27
Christ's Baptism
Jewish Probation Closes
3½
3½
457 BC
Dan 9:24-27
Ezra 7:11-13
27 AD
Mark 1:15
Matt. 3:13-17
Gal. 4:4
31 AD
1 Wk=7 Years
34 AD
Acts 18:6, 13:45-46, 7:54-60, Matt. 21:43
70 Wks
x 7 Days
490 Days/Years
490 Years
Daniel 8:14
"And he said unto me, unto two thousand and three hundred days; Then shall the sanctuary be cleansed."
Year / Day Principle:
Ezekiel 4:6
Leviticus 25:1-8
Numbers 14:34
11Q13


5



2300 DAY PROPHECY OF DANIEL 8:14
GOSPEL PREACHED ONLY TO JEWS
GOSPEL PREACHED TO GENTILES
70 WEEKS OF DANIEL 9:24
490 YEARS
69 weeks
70th week
7
62 weeks
1 week
483 years
7 years
Midst of the week
3 1/2 years
3 1/2 years
The Dark Ages of Papal Supremecy
1260 YEARS
Emperor Justinian's Decree
Pope Pius VI "head wound"
457 B.C.
Decree to rebuild Jerusalem
Ezra 7:1-27
27 A.D.
Baptism of Jesus
Dan 9:25
31 A.D.
Crucifixion of Jesus
Dan 9:26, 27
34 A.D.
Stephen stoned
Acts 7:59
538
1260 days
42 months
3-1/2 times
Rev 11:2-3, 12:6, 12:14
Rev 13:5 Dan 7:25, 12:7
1798
1844
Start of Judgment
Dan 8:14


6




7

## 2: Sal daar na die wederkoms nog kans tot bekering wees?

Nee. Lukas 16: op die sterwensoomblik in die hemel of die hel

## 3: Is die hemel 'n plek? Motiveer u antwoord.

Johannes 14: In die huis van My Vader is baie wonings – Ek gaan plek berei...

Stefanus SIEN Jesus aan die regtehand van die Vader staan.

Moordenaar aan die kruis: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.

Ja, ’n fisiese plek.

8

## 4: Watter simboliese betekenis het wolke in die Bybel?

| | |
|---|---|
| Genesis 9:13 my reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde | Sigbare plek van die reënboog as teken van God |
| Deut. 33:26 "Jesurun, daar is niemand soos God nie, Hy ry deur die hemel om jou te kom help, in sy majesteit ry Hy op die wolke. | God se "vervoermiddel" - onbeperk |
| Job 26:9 Hy bedek sy troon, Hy sprei wolke daaroor uit. | Versiering van God se troon |
| Handeling 1:9: Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. | Skeiding tussen God en die mens |
| 1 Tessalonisense 4:16, 17:Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees. | Vervoermiddeel van die mens na God. |
| Openbaring 1:7 Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. | Oralsigbaar – regoor die aarde |

9

## 5: Wie sal Jesus vergesel met sy wederkoms?

1 Tessalonisense 4:16 Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan;

10

## 6: Wat is die doel van die wederkoms?

Matteus 25:31 - 33: Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. [32] Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. [33] Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

[34] "Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit

[41] "Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is,

Openbaring 19 en 20: die vernietiging van die mag van die onheilige drie-tal.

Openbaring 21:5: Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." - Herskepping

Openbaring 21:7: Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees. Verbond word vervolmaak.

11